

N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 10

5 Maart 2023



### **‘n Christus Gesentreerde Lewe (3)**

**Wat beteken dit om in Christus te lewe?**

**Filippense 1:21 sê: “Om te lewe, is vir my Christus en om te sterwe, is vir my wins.” Die meeste mense fokus op die tweede deel van die vers, “die sterwe is wins, “ en dink aan die vreugde van die Hemel. Ons moet nie vergeet wat dit vooraf gaan nie. Daar kan nie genoeg beklemtoon word hoe belangrik die frase, “die lewe is Christus”, is nie. In alle eerlikheid, behoort hierdie frase sentraal te staan in elke Christen se lewe.**

**Alles wys heen na Christus**

**In hierdie teks verklaar die Apostel Paulus dat alles wat hy probeer het om te wees, alles wat hy is, en alles waarna hy uitsien om te wees, ‘n rigtingwyser na Christus is. Alles wat hy gedoen het, was daarop gemik om die kennis, Evangelie, en die Kerk van Christus te bevorder. Paulus se enkele doelwit was om Jesus te verheerlik.**

**Boots Christus se voorbeeld na**

**“Om te lewe is Christus” beteken dat ons die voorbeeld van Christus naboots. Paulus wou alles wat Jesus gedoen en gesê het naboots. Die Kerk het voordeel getrek uit sy Christelike voorbeeld: “ Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg” (1Kor 11:1).**

**“Om te lewe is Christus” beteken dat ons die kennis van Christus nastreef. Ons wil Christus elke dag beter leer ken. Nie net kennis dra van ‘n versameling feite oor Jesus nie, maar Christus self leer ken. “Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van Sy opstanding te ondervind en deel te hê aan Sy leiding deur aan Hom gelyk te word in Sy dood, in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood” (Fil 3:10-11). Is ons bereid om alles op te gee wat ons van Christus weerhou? Paulus getuig: “Wat eers vir my ‘n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus , my Here te ken, oortref alles in waarde...” (Fil 3:7-9)**

**Jesus is ons hoofbegeerte**

**“Om te lewe is Christus” beteken dat Christus ons fokus, ons doel, en ons hoofbegeerte is. Christus is die middelpunt van ons denke, hart, liggaam en siel. Alles wat ons doen, doen ons tot verheerliking van Christus. Terwyl ons die wedloop hardloop “wat vir ons voorlê” gooi ons die wêreldse verleiding en sonde wat ons verstrik, van ons af, “die oog gevestig op Jesus”. (Hebr 12:1-2) Hy is ons lewe!**

**Dankie!**

- **Dat ons in Christus, ‘n Christus-gesentreerde lewe kan leef!**
- **Vir die Heilige Gees wat heiligmaking in ons bewerk!**
- **Vir die hoop wat ons het in Christus, vir ons gesinne, gemeenskap en ons land!**

## **Gemeente en algemene voorbedding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyns ons harte met God se hart.
- Vir ons jeug in skole en studente – dat hulle ook God se hart vir hulle sal ontdek.
- Vir die Eskom krisis..

## **Gebedsversoeke**

- |                          |                     |
|--------------------------|---------------------|
| • Lottie Conradie        | Lola Vijoer         |
| • Maria Steyn            | Ria Putter          |
| • Oom Sampie Swart       | Jeanette Mostert    |
| • Jaco Steenkamp         | Louis Strauss       |
| • Tannie Marinda Jordaan | Heleen J van Vuuren |
| • Ina van der Merwe      | Stefaans du Plessis |
| • Annika Killian         | Petro Schneider     |
| • Oom Eberhard Carshagen | Marius van Niekerk  |

## **Gedagte vir die week**

**Om vir God te lewe beteken dat ons die reg tot ons “self” prysgee en God se wil volg.**

Gebedsversoeke:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor  
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: [ngvaalpark.org](http://ngvaalpark.org)